



Die Moeilikhede van Skeel Mense.



ENIG mens ter wereld, wie hij of zij ook al mag wees, gaat mank aan een of die ander gebrek, of “swakheid,” so als dit algemeen in die wandeling uitgedruk word.

Bij sommige mense is die “swakheid” kenmerkelyk sigbaar, bij andere weer, hoewel dit tog bestaan, is dit glad nie waar te neem nie. Maar, hoe dit ook al mag wees, enige mens—met seer weinige uitsonderinge—die aan een of die ander liggamelike gebrek mank gaat, die perbeer, altans so veel moëlik, dit sorgvuldiglik te verberre; en mag iemand dan—wat natuurlik baing ongepoets is—aanmerkings in die rigting maak, dan kan dit lig gebeur dat dit ’n spokerij afgea.

Twee mense onderhewig aan die selfde tekortkoming, gee nie om, als hulle twee alleen is, o’er hulle tekortkoming te praat nie.

Bijvoorbeeld, twee mense wat albij belas is met ’n boggel, sal aangenaam met makkaar o’er boggels kan gesêls, en onderling makkaar ook nog troos met ’n vir hulle opbeurende versekering, dat boggels glad nie so danig uit die pad is nie, so als sommige mense dit wil uitmaak. Maar kom daar nou in so ’n geselskap ’n derde met hoepel bene bij, dan sal die drie o’er enige ding ter wereld, met opgeruimdheid en vrijmoedigheid kan gesêls, maar van boggels en hoepel bene sal hulle bij-mij-kool dan nie rep nie, of, hulle moet ’n plan krij om te bakklj.

Bowestaande het ons bij wijse van inleiding vir die volgende verhaaltjie neer geskrijwe.

Op die dorp T. in die Kaap Kolonie het twee vriende, met name Hans Mol en Piet Vos, gewoon. Al twee het mank gegaan aan die selfde gebrek, en gevolglik, soos die spreekwoord dit het: “Voëls van ener veer,” of liewers soos ou Jan Kneg—’n ou Kaffer—dit altoos uitgedruk het: “Die ou Basse Hans Mol enne Piet Vos, hij isse nette twee voëls één hoener veer!”

Die twee vriende, so als ons reeds gesê het, was onderworpe aan die selfde gebrek, en dit was: hulle was altwee vreeslik skeel!

En daar skeelheid nou ’n gebrek is wat jij haas—selfs met behulp van ’n bril—moeilik kan verberre, het hulle twee so veel moëlik—ten einde ander geselskappe te vermijë—hulle spaartijd in makkaar se teënwoordigheid deurgebreng.

Die twee ouës was al ’n bietjie bejaard, maar was nie te min baing gesond en sterk ook nog, en daarby erg opgeruimd ook!

Dan bij die woning van Piet, dan weer bij die van Hans, het die twee ou vriende op veltstoeltjies onder die groot bome, waarmee die respektiewe wonings versierd was, menig genotvol uur in elkaars teënwoordigheid deurgebreng.

Meesal het die gesprekke o’er hulle jong daë geloop, en die wel of wee wat daarin voorgeval het word dan weer vir die soveelste maal o’er vertel, en wat baing keer ’n traan uitgelok het. Dan weer was die gesprek van so ’n gehalte, dat die twee ouës bijna agter o’er getuimel het van die lag!

Op ’n goeie dag het hulle geselskap op hulle eië tekortkoming neergekom: Skeel mense!

“Jij weet, neef Hans!” so begin ou Piet op ’n laggende toon, “daar is baing gebrekkelike mense op die “ou akker” van ons! Kijk nou, bijvoorbeeld, daar is Hessie van tant Kalie, met haar twee naar binne gekeerde bokvoete; en dan ou neef Gert Kombrink met sijn twee hoepel bene, en wat gedoriewaar so krom is, dat hij nie in staat is ’n vark te keer nie.”

“En al had die ook nog al ’n juk aan!” las ou Hans laggend in.

“Daar is weer Hennie van tant Kesie,” vervolg ou Piet,

“met sijn twee wa-wiel ore, wat nes pierrings lijk wat jij weerskante van 'n knop-kierie vas gesukkel het.”

“En hoe lijk klein Faans van ou Jan Janse vir jou ?” help ou Hans.

“Ja, kijk nou weer daar,” hervat ou Piet, “die vent se bek lijk nou weer persies soos die van 'n boeldok-hond met daardie geweldige uitstekende hark-tande ! Maar, neef Hans, hoe swaar sulke mense hulle gebreke ook al te verduur het, meen ik tog, als man van ondervinding, dat al die liggamelike tekortkominge, hetsij boggel, hoepel-been, bokvoet, hoender-bors, hang-skouër of haaslip, niks in vergelijking is met 'n skeel-mens nie !”

“Ja, dit wil ik jou regtig glô,” help ou Hans, “want aanmerkings ontbreek dit bij-mij-kool nie, en als jij die als lei-draad moet neem, dan het jij volkomelik gelijk.”

“Ja, en growwe aanmerkings ook maar,” vul ou Piet aan. “Ik het al so baing keer opgemerk,” vervolg die ou, “dat al die gebrekkelige mense, behalwe skeel-mense, altoos bejammer word. Maar so gou als iemand, en viral 'n vreemde, 'n skeelmens in die gesig krij, dan kan jij dadelik bespeur hoe dat die persoon sijn kop wegdraai, om nie te laat merk dat hij vir jou lag nie. En gebeur dit nou dat hulle twee bijmakaar is, dan kan jij maar jou ore oop hou, als hulle so 'n tree of wat van jou weg is, vir die aanmerkings.”

“Ja, neef Piet, dis regtig waar,” bevestig ou Hans. “Nou die ander dag stap twee sulke olie-koeke bij mij virbij, en laggend merk die een op : ‘Ou Hans is possetief so skeel dat als hij huil dan loop die trane agter sijn rug af.’”

“Alla skepsels, neef !” skater ou Piet, “dis amper soos klein Bramie van ou Tijs vir MIJ gesê het, toen ik hom met die kweper-kierie o'er sijn blaië gehaal het ! ‘Oom Piet se oë kijk so uitmakaar uit, dat als hij met die een oog in die pot loer, dan seek hij met die ander een biltong in die skoorsteen !’”

“Maar jij weet,” vervolg die ou verder, “met ou skeel Gert Koetsee was dit daarom een dag 'n mooi spiets. Jij weet die ou het mos vreeslik deurmakaar gekijk, en dan was hij nog erg kort gebonde daarbij ook.

Op 'n goeie dag moes die ou klippe spring, en hij krij toen 'n jong om die boor te hou, terwyl hij self met die hamer sou slaan.

Die jong hou toen die boor o'erent terwyl ou Gert die hamer agtero'er swaai om te slaan, maar werd gedurig daarmee verhinder, deur dat die skepsel altoos sijn oë op ou Gert had, in plaas van op die boor, en ruk dan nog so geweldig dat dit onmoëlik sou gewees het die boor behoorlik met die hamer te raak.

'Hoekom hou jij nie die boor stil nie, jou⁷ ellend!' brul ou Gert. 'Wil jij hê ik moet jou pote uitmakaar moker met die hamer?'

Bevreesd spring die jong o'erent, en vra toen aan sijn Baas:

'Gaaf ou Baas slaan waar ou Baas kijk?'

'Natuurlik jou esel! Waar anders dan?'

'Dan gaaf ik wragtie nie die boor langer vas hou nie, want dan krij ik hou vir hou op mijn rug!'

Ou Gert het somaar die hamer gelos, en wou die skepsel daar en dan tot sijn plig breng, maar die het so gehol, dat ou Gert hom nooit weer te sien gekrij het nie.

Iemand vra toen 'n paar daë daarna aan die jong of hij nie bang was dat ou Gert hom sou vang nie?

'Ja,' se hij, 'seur! ik was bang, maar ik het mij daarop gespits, dat ou Baas Gert deur sijn skeelheid altijd TWEE mense vir een aansien, en so doende mag hij agter die verkeerde man ja, en dan blij ik mos los?'

"Ja," begin ou Hans weer, "die volk is ook nie op hulle bek geval nie! Maar jij weet, neef! ik weet ook nog van 'n ander voorval van die selfde ou Gert Koetsee."

"So! en wat was dit?'"

'n Jaar of wat gelede moes die ou 'n stukkie fondament bou. Hij had bijna klaar, en kom toen nog enige klippe tot voltooiing van die werk kort. So 'n honderd tree van die plek af, waar die ou aan 't werk was, het so 'n mooi vierkant klip gelê. Die klip was te swaar om alleen van die grond op te tel, maar als jij dit nou op skouër had, dan kon jij dit daarom met kragt inspanning dra.

Ou Gert het toen besluit om die klip te gaan haal. En na dat hij lank gesukkel het om iemand in hande te krij aan hom die nodige hulp te verleen, ten einde die klip op skouër te krij, is dit hom uiteindelik geluk 'n paar volk, die toevallig daar virbij gekom het, te bewee hom daarmee te help.

'Ou Baas moet dan gou maak,' praat die volk, 'ons het nie baing tijd nie.'

'Ja, volkies, tel tog maar net gou op. Baing dankie, nou sal ou Baas reg kom.'

En daar trek ou Gert met die rots-blok op skouër, steunsteun, in die rigting van sijn werk plek.

So 'n opgeskote seun, wat ook daar in die nabijheid was, het dadelik bemerk dat ou Gert nou verplig was die klip ent uit te dra; want laat hij dit val dan was daar niemand om hom daarmee weer te help nie, en die werk moes klaar.

'Morre, oom Skeel Gert!' begin die seun, terwyl hij so ewe ongeërg op sijn gemak met ou Gert saam stap; en dan lê hij nog te danig klem op die woord SKEEL ook. 'Hoe gaan dit nog met oom Skeel Gert? Alla wereld, dit lijk of oom Skeel Gert vreeslik swaar dra aan daardie klip wat so ewe op sijn gemak daar op oom Skeel Gert se skouër lê. Hoe kom sit oom Skeel Gert hom dan nie liewers in 'n streep sak nie, en abba hom agter oom Skeel Gert se rug? Hoe lijk dit vir mij of oom Skeel Gert jou tong ook verloor het. Hoekom praat jij dan nie, oom Skeel Gert?'

'Kom nader, jou kleia Satan,' kners ou Gert op sijn tande, 'dat ik jou tog net in een hou kan vermorsel met hierdie klip, jou onopgevoede klein Priem!'

Ondertusse was hulle al nabij die plek waar ou Gert die klip sou afgooi, en toen begin die seun weer: 'Ik wou nou nog verder met oom Skeel Gert saam gegaan het, maar oom Skeel Gert moet mij maar asseblief verekskuseer, want ik is ook maar regte haastig, maar als ik meer tijd het sal ik tog een van die mooi dae weer bij oom Skeel Gert kom kuier. Nou, morre, oom Skeel Gert!' laat die seun nog hoor, en draai toen weg.

'Moenie weg draai nie, jou klein afskuwelike Besie!

Kom nog net so 'n klein entjie mee, dat ik jou op jou duisternis kan speel !'

Maar daarvan wou die seun nie hoor nie, op grond, sê hij, dat ou Gert 'n bietjie uit sijn humeur was. En onder die omstandigheid dit beter gedag—daar ou Gert toen so boos als 'n swerm bije was—hom liewers maar aan homself o'er te laat."

"Nog 'n ander mooi voorval met ou Gert," vervolg ou Hans, "was toen die ou vanmelewe op Brakpan gewoon het.

Een agtermiddag, so te'en sononder, neem die ou sijn haël roer, met die doel, om enige hase op die ou lande te skiet.

Die hase was regte volop, en nadat die ou so 'n ruk weg was werd die eerste skoot van die huis af verneem, en so teën skemer sleep die ou die werf in met iets, wat op 'n haas gelijk het, in sijn hand.

Die kindertjies het met opgewondenheid op die stoep hulle vader ingewag, en toen hulle hom gewaar, en siet dat hij iets dra, begin hulle te huppel van blijdschap, en gedurig roep hulle uit : ' Daar is Pa ! Pa het 'n haas geskiet ! Daar is Pa ! Pa het 'n haas geskiet !'

Ondertusse was ou Gert nader gekom, en sijn bitterlike ontevredenheid o'er hulle juig-krete tekenne gegee, waardeur hulle bevreesd die huis ingevlug het, terwijl ou Gert met so 'n binnensmondse gemompel, wat baing naar vloek gegaan het, die speenvark, wat hij per abuis vir 'n haas doodgeskiet het, op die stoep neergesmijs het."





Omslagtigheid.



IK glô nie dat 'n mens ooit 'n treuriger gewoonte kan hê, als om omslagtig te wees nie.

Baing mense het die gewoonte—hetsij deur geskryf of gesprek, dat als hulle, bijvoorbeeld, 'n ou boere-woning, sal ons maar sê, wil beskrywe, dan doet hulle dit nie met eens en krijg klaar daarmee nie; O nee! Dan vang-vang hulle eers so in die wolke rond, en nadat hulle jou so hier- en daarvan van die wondere van die sterre-hemel vertel het, dan loop die beskrywing weer o'er berge, bome, bosse, strome, en allerhande andergoed—soos die vendu afslagers die gewoonte het om te sê: “Te veel om te melde.” En dit hou so aan, totdat jij al begin moeilik worde, en dan kom die omskrywing weer 'n bietjie nader, en jij denk: “A, ja! nou sal dit tog 'n ent krijg!” Maar dis weer mis!

Die beskryver het jou maar net skrik gemaak, en verander weer dadelik van koers. En laat jou dan met hom in de gees swewe, daar o'er die huilende sand woestijne van die Sahara, totdat jij uiteindelik lam en tam is van die vervelende verhaal, wat dan o'er niks anders als net kamele en witsand handel!

En als dit nou 'n boek is waarin jij sulke omtreklikheid op die lijf loop, dan kan jij maar, in hemels naam, 'n blad of ses of ag, naar die aard van die saak, o'er slaan, en weer verder aan bij 'n ander plek, waar die rond springerij opgehou het, begin. Maar loop jij nou 'n persoon op die lijf, wat aan jou iets wil VERTEL, en jij het nie baing tijd nie, en so iemand is dan met 'n groot maat van die gawe (?) van om-

slagtigheid besied, dan is jou gewaarwording—nadat jii so 'n rukkii in so 'n mens se geselskap deurgebrenge het—so naastebii 'n mengelmoes van tandpijn, hartseer, en lus vir bakklj!

Bowestaande het ons neergeskrijwe om als inleiding te dien vir die volgende verhaal.

Meneer Hendrik Pistorius was op reis met die trein van Krugersdorp naar die distrik Stellenbosch, met die uitsluitelike doel om sekere familie Staanders (aldaar woonagtig) 'n besoek te bring, want hij was ernstig verliefd op die tweede oudste dogter van die familie, met wie hij bij 'n vorige geleëndheid bij die Strand kennis gemaak het.

Die familie Staanders was in die tijd waarvan ons skrijwe, in diepe rou gedompel, deur 'n smartvol ramp wat hulle getref het, deur dat die oudste dogter op 'n treurige wijze aan haar einde gekom het.

Jongejuff. Staanders was naar die Transvaal om te kuier, en met 'n pieknie geleëndheid was sij met 'n geselskap langs die Vaal Rivier.

Enige van die geselskap, waaronder sij ongelukkig ook was, het toen met 'n bootjie op die rivier gaan seil, en die toen in die middel van die stroom—waar die water ook maar erg diep was—omgeslaan het, met die gevolg dat almal natuurlik in die water te lande gekom het. Jongejuff. Staanders kon nie swem nie, en het gevolgelik dadelik gesink, en nieteënstaande die grootste opofferinge aan die dag geleg werd om haar te red, het alles vrugteloos geblijk.

Die volgende dag, na die treurige voorval, het hulle eers, met veel moeite, die lijk gekrij, en die toen met alle eer deur 'n groot belangstellende menigte op die plaas, waar die ongeluk plaas gevonde het, ter aarde bestel werd.

Natuurlik kan 'n mens begrijp, dat so 'n noodlottige ongeluk die familie Staanders in diepe droefheid gedompel het, en wat nog die ellende vergroot het, was dat hulle nooit 'n vertroubaar berig van die ramspoedige voorval kon kri. nie, nieteënstaande hulle, naar gelang van omstandigheid, alle denkbare poginge daartoe aangewen het.

Die berigte, die hulle bereik het, was so uiteenlopend,

dat dit moeilik was om tot 'n behoorlike gevolgtrekking te geraak.

Toen die familie Staanders nou uit 'n brief aan hulle van meneer Pistorius verneem, dat hij van voornemens was om aan hulle 'n besoek te bring, het hulle dadelik besluit om hom te versoek om tog na die noodlottige plaas te gaan, waar Annie (want so het sij geheet) haar lewe ingeskiet het, en dan tog 'n vertroubaar ondersoek in te stel, sodat hulle in staat gestel mag worde om op die hoogte van sake, met betrekking tot die nimmer te vergeet ongeluk, te kom.

Pistorius was hoog in sijn skik met die versoek, en dag toen tergelijkertijd, dat als hij nou in die Kolonie, gewapend met die gevraagde informasie, aankom, hij dan natuurlik 'n gunstiger indruk op die voorwerp van sijn liefde sal maak.

Die tijd, waarvan ons skrywe, het daar daëliks twee treine van die Transvaal na die Kolonie geloop. Die eerste het bij die plaas van die ongeluk, hierbôwe aangehaal, omtrent 12 uur middag, terwyl die tweede 3 uur n.m. daar aangekom het.

Pistorius het toen besluit om met die eerste trein tot op die plaas te gaan, en sou dan die nodige informasie inwin, en met die aankoms van die tweede trein, die selfde agtermiddag, weer vertrek.

Sijn planne het hij dan ook, so als kan verwag worde, per brief aan die familie Staanders meegedeel, sodat hulle in staat kon wees om hom op die aangegewe tijd op Stellenbosch Stasie te ontmoet.

Hij het toen volgens sijn beraming die dag om 12 uur op die Stasie, in die nabijheid van die woning, waar hij die gewenste informasie moes opdoen, afgeklim.

Van die Stasie kon jij die woning van meneer Gert Norke, die bestemming van Pistorius, sien. En binne weinige minute, nadat die trein stilgehou het, was Pistorius daar om met sijn ondersoek 'n aanvang te maak.

Die plaas self het veel te wense o'ergelaat, daar die gebouë en krale maar 'n tamelike toinjerige voorkoms gehad het, en so als kan verwag word maar nie 'n al te pronkerige indruk gemaak het nie. Maar hoe ook al, die eiënaar, 'n welge-

boude man van mintens vijftig somers, en met 'n buitengewone vriendelike voorkoms, het daarom geweet om enige reisiger, wie dit ook al was, met die grootste gasvrijheid te ontvang.

Pistorius, bij sijn ankoms, werd dadelik binne genooi; en nadat hij hom voorgestel het, werd aan hom, so als die gewoonte is, gevra, of hij al geëet het? "Ja. Baing dankie," hij het so ewe in die trein geëet. En deel toen in korte trekke die doel van sijn koms mee.

"Ag, nou Ja," antwoord meneer Norke, terwijl hulle plaas neem in die voorhuis, "dan het jij net bij die regte man te lande gekom, meneer PERTOORS, dis maar baing jam—" "Ekskuus, meneer Norke, mijn naam is nie PERTOORS nie, maar PISTORIUS."

"Nou ja, dis goed, dan sal ik dit onthou, want 'n mens raak ook maar baing keer deurmakaar met 'n naam, soos nou die ander dag nog was daar op Skewekraal amper 'n groot spokerij gewees wat deur 'n misverstand gekom het o'er 'n naam. Jan Blom en Karl Wink van Aasvoëlkrans wou makaar met alle ge—"

"Maar meneer Norke moet mij nou nie kwalik neem nie, dat ik weer in jou rede val nie, want ik het nie so baing tyd nie. Soos jij weet, die trein vertrek om drie uur en mijn tydjie is so afgemeet, dat als ik die trein vandag mis, dan loop die hele boel in die war. Als meneer Norke mij nou net asseblief—", "Ja ja," val Norke hem in die rede, "jij wil graag omtrent die ongeluk hoor, en hoe dat dit voorgeval het?" "Persies," antwoord Pistorius.

"Nou ja, kijk, Neef!" begin Norke weer, "dis maar al te jammer dat jij so haastig is, anders kon jij met mij meegegaan het naar die rivier, dan kon ik jou daar alles gewijs het, en dan sou jij ook 'n beter begrip kon gekrij het van die treurige voorval; want jij weet als 'n mens self so 'n plek kan sien dan begriip jij dit ook beter. Die meisie," so vervolg die ou, "was 'n al te mooi jong mens gewees, so minsaam, en tog so gehoorsaam ook; en neef, wat nog die treurigste van alles is: so in die bloei van haar jare! Ja, neef, dis tog maar al te waar wat die Leraar met die laaste

Kerk geleëndheid, daar bô bij broer Pieter, gesê het, toen hij DIE woorde tot teks had: 'In den morgenstond bloeit het, en het verandert, des avonds wordt het afgesneden, en het verdort.' Hij het toen die preek in drie——"

"Maar, mij liewe oom! vertel mij nou eers hoe dat die meisie aan haar einde gekom het," val Pistorius in, en kijk toen tegelijkertijd op sijn sak-oorlosie.

"Jij sien, neef, hier was twee kerels van 'Parradors' om te——"

"Parradors?" vra Pistorius ewe verbaasd, "wat beteken dit?"

"Neef, dis die naam van die plaas hier agter die bult, en omtrent twee uur teperd hier vandaan af. En wat die ongeluk die mense makeer het om die plaas so 'n snaakse naam te gee, was ik nog nooit in staat om op te los nie. Maar jij weet dis die landmeters wat sulke verkeerde nukke uithaal. Als die Goewerment nou aan hulle opdrag gee om stukkies uitval grond op te meet, dan sit hulle somaar soos hulle wil enige naam op die kaart. Nou die ander dag het 'n Kerk twee sulke stukkies grond van die Goewerment persent gekrij, wat net opgemeet was, en wat die verspote name van 'Sambalbroek' en 'Skerppunt' gedra het. En jij weet, neef, hierdie——"

"Asseblief tog, oomie, ik is baing haastig, want mijn tijdjie is maar kort, laat ons tog maar meer bij ons onderwerp blij," en kijk weer op sijn oorlosie, maar bespeur toen, tot sijn grootste teleurstelling dat, omdat hij die vorige aand vergeet het om dit op te win, het dit gaan staan. En of die huisklok nou daar in die eetkamer met sijn eentonige tik, tik, nou reg was, was 'n raaisel.

Nadat Pistorius afgebreek het, begin Norke weer met die geskiedenis, waar hij in die rede gevalle was: "Die twee jongkerels het hier na toe gekom om 'n bietjie plesier met die nooiens te maak, en het toen 'n skuitjie hier kort bôkant ons gaan leen, om 'n bietjie met die meisies op die water rond te seil.

En wat hulle nou makeer het om juis net DIE ou skuitjie te gaan haal weet ik nie, want mijn buurman kort onder-

kant mij het 'n mooi groot skuit, en het hulle nou maar liewers die gaan haal, dan was daar nooit 'n ongeluk nie. Maar, neef, dis maar soos 'n ding moet kom—soos oorlede ou neef Jan Ferreira altijd gesê het, want jii weet, hij het mos ook eendag 'n seun moes afgee, en tog so onverwags. Die arm kereltjie het teperd——”

Maar vóór dat oom Gert verder kon, val Pistorius hom ewe ongeduldig in die rede: “Maar mij skepsels! oom Norke, vertel mij dan tog, in hemels naam, met 'n groot asseblief, van die ongeluk. Dis al amper tijd vir mij om weer te begin, en ik weet nou nog net so min als toen ik hier gekom het. En kijk daar, als oom se klok reg is, dan het ik nog net 'n half-uur tijd om die drie uur trein te vang.”

“Ja, neef! daardie klok is reg; hij mag altemit 'n bietjie vóór wees, want dit is al 'n geruime tijd dat ik hom laas met die almanak reg gesit het, en hij loop 'n bietjie vinnig. Maar dit is net soos ik gesê het, jii is 'n bietjie te haastig. Nou, kijk!” vervolg die ou, “om kort te wees. Dit was maar 'n klein skuitjie, en ik het hulle gewaarsku dat hulle te veel mense was vir so 'n ou vrot dingetjie, want hulle was ses: twee mans en drie meisies.”

“Maar dis maar vijf,” help Pistorius.

“Wag, hoe het ik dit nou weer?” reken oom Gert, en nadat hij so 'n rukkie gereken het, sê hij: “Ja, dis waar, neef! Hulle was vijf. Nee, jii het gelijk, hulle was NET vijf!”

“Nou ja,” hervat oom Gert, “jii sien die twee kereltjies kon nie goed roei nie. Hulle was maar 'n bietjie onhandig met die roeiers; want dis mos nou ook nie in die see nie, waar die mense—kan jii maar sê—met die goed in die hand groot word nie.

Soos ik nog laas in die Strand gesien het, toen——”

“Nee, wag oomie,” val Pistorius hom driftig in die rede, “dit lijk vir mij ons kan maar nie vorder nie. Vertel mij maar net, asseblief, of daar nou 'n behoerlike lijkrede gehou was, en watter Predikant die laaste eer aan die arme ongelukkige dame bewese het; maar oom Gerrie moet tog maar so kort moëlik wees, want dit lijk vir mij ik is al agter die paal.”

Met die laaste woorde het Pistorius blyke gegee, dat hij spijt had o'er sijn ongeduldigheid, en wat oom Gert ook dadelik opgemerk het. En had ten gevolge dat die ou weer moed geskep het en begin toen :

“Ja, mij neef! “Jij sien, dit neem tijd om so 'n gebeurtenis behoorlik na te vertel; maar jij wil mij ook nie bra kans gee om dit te doen nie. En als jij mij nie so gehinder het nie—en wat ik jou volkomelik vergewe—dan had jij al lank die gewenste informasie in jou besit.

Jij vra of daar nou 'n behoorlike lijkdiens gehouë werd, en wie dat die Predikant bij die geleëndheid was? Wel, dit spijt mij,” vervolg oom Gert, “dat ons nie 'n Predikant toen in hande kon krij nie, en gevolgelik, neef! moes ons maar met 'n ouderling opsukkel. Nou, die ouderling wat vir die doel o'er gekom het was daarom nie van die swakste nie, altans nie so swak als die dorps-ouderling van K. nie. Die kon beswaarlik lees, en het vir 'n paar Sondaë gelede maar 'n tamelike flater aangerig. Hij moes, omdat die Leraar afwesig was, en so tussen hakies, dis maar baing jammer dat hulle so BAING afwesig is, maar ik sien jij word alweer ongeduldig, en daarom sal ik maar so kort moëlik wees.

En soos ik dan wou sê, moes die ouderling die Sondag die diens waarneem. Nou, soos jij weet, neef, vóór dat so 'n diens werkelik begin, word al die afkondigings wat daar mag wees eers gedaan; en die Sondag was daar 'n huweliks afkondiging wat so geregistreerd was :

Eerste huweliks afkondiging van :

Egbertus Heins en Regina Maria Mostert.

Maar deur dat ons ou maat ook maar swak in die skrif was, want sijn meester is hom deur die dood ontnome waar die letters twee-twee aan makkaar geloop het, en gevolgelik verknoei hij die spul als volg :

Eerste heerlike afkondiging van :


Egbreker Hengs en Rinkinker Merrie Mooistert.

En, neef, ik kan jou sê——” Maar vóór dat oom Gert verder kon, vlie Pistorius op, so boos als 'n tier maar kan kom, en laat hom toen als volg hoor :

“Nee, wag oom! Laat maar staan; en laat ik maa


liewers groet, want als ik moet wag om mijn begeerte vervuld te krij dan het ik minste 'n maand nodig, en die hemel alleen weet, miskien nog langer, en dan twijfel ik hard daar aan of ik ooit weer in staat sal wees om dit na te vertel."

Daarop het Pistorius, tot groot verontwaardiging van oom Gert, gegroet, en laat vat so hard hij kon stasie toe, alwaar hij uit asem aangekom het, om tot sijn innerlike leedwese die drie-uur trein sonder hom te sien vertrek.





Die Storms van Bergendal.



DIE plaas Bergendal, genoemd naar die fraaie dal waarin dit geleë was, was een van die aantrekkelijkste plase van die distrik O., Kaap Kolonie. En temeer daar dit begrens was met twee hoë berg-rante: dik begroeid met allerhande soorte van timmerhout en struik gewas.

Die bergrante met 'n eweredige sirkelvormige wending, het in die westelike kant van die plaas in 'n groot vlakke dood geloop.

Die plaas self het aan gebouë en bewerking niks tewense o'er gelaat nie. En die pragtige ou hollandse boerewoning, temidde van die honderde lemoen- en ander vrugte bome, het in die skoongeleë en vrugbaar dal alwaar dit gepriek het, 'n bij uitstek al te bekoorlike voorkoms gehad.

Bergendal was in die tijd waarvan ons skrywe die eïendom van weduwe Winterbagh, alwaar sij met haar enigste en pas gehuwde seun woonagtig was.

Die aand van die 25ste Mei, 1890, het op Bergendal so 'n vreeslike storm gewoed, als maar selde elders beleef werd. Die storm winde het met alle geweld tussen die bergrante skijnbaar getrag om alles daar uit te vee, terwijl die plas-reëns in storme neergestort het.

Ondertusse sit weduwe Winterbagh, 'n vrou van omtrent sestig jaar, nog met die lewensblos van gesondheid op haar gelaat, en waaruit sagsinnige erns gestraal het, alleen, dog in diep gepeins in die eetkamer vóór 'n brandende kaggel.

'n Rukkie daarna het Johannes, haar seun, met sijn gade ook naas haar plaas geneem.

“Hoe lijk ma dan van aand so ter neer geslaë?” merk Johannes in liefde op.

“Ja! kind,” antwoord sijn moeder, “sulke stormagtige nagte laat mij altoos denk aan die treurige geskiedenis verbonde aan die plaas. Julle weet,” vervolg sij, “jou verlede vader en ik het nie van die smartelike gebeurtenisse wat hier plaas gevinde het geweet nie tijdens die aankoop van die plaas, anders sou ons dit nooit gekoop het nie, en radat die geskiedenis aan ons ontsluit was, het ons dit maar goed gedag, omdat jij die enigste kind was, dit nie aan jou bekend te stel nie. Maar aangesien dit nou al so vele jare is dat die dinge hier voorgeval is, en daar sedert ons verblif alhier nog nooit iets vreemds gebeur het nie, sal ik maar die donker verlede van Bergendal, wat ik tot nog toe geheim gehou het, maar aan julle mee deel.”

“Ma vertel ons nuws,” merk Annie, die gade van Johannes, op, “ons het dit nooit kon denk dat aan Bergendal ’n skaduagtige verlede verbonde was nie.”

“Ja! kind,” hervat haar moeder, “en was dit nie vir die verskrikkelike storm wat daar buite woed nie, dan het ik na alle waarskynlikheid ook nie eens van aand daar aan gedenk nie.”

“Julle sien,” begin weduwe Winterbagh, “die toedrag van sake was so:—Bergendal was die eiendom van sekere meneer Jakob Kloete. Hij had twee enigste seuns, Adolph en Kasper, en ’n dogtertjie met name Leonora.

Verteld is geworde dat daar ’n geheimsinnige geskiedenis aan die verlede van die familie Kloete verbonde was, maar in hoe ver dit nou waar was, het niemand ooit die moeite gedaan uit te vinde nie.

In Mei, 1852, het hier ’n vreeslike orkaan gewoed dat ten gevolge had, dat ou meneer Kloete met sijn kinders noodsaak werd hulle woning in die stormagtige nag te verlaat uit vrees dat die huis, weëns die skrikwekkende rukwinde, ineen sou stort.

Op ’n onverklaarbare wijze is die dogtertjie, die nog maar ses jaar oud was, DIE nag seek geraak: en nooit had die vader die voorreg in sijn lewe ooit weer iets van haar te

ontdek nie, nieteënstaande hij alle denkbare middels tot haar terug becoming in die werk gestel het.

Na die dood van ou meneer Kloete is Bergendal, volgens testament van hulle vader, die eiëndom van Adolph en Kasper geworde.

Adolph, so is verteld geworde, was maar 'n losbol. Hij is later verliefd geraak op 'n meisie : jongejuif. Maria Putter, woonagtig in die distrik van Swellendam, en alwaar hij ook later met haar getroud is, en na die huwelik hom met sijn bruidjie hier op Bergendal ter woon gevestig het.

Maria Kloete, die vrou van Adolph, was een van die mooiste mense hier in die buurt woonagtig, en almal was verwonderd dat Adolph, daar hij so 'n losbol was, nogal so gelukkig was met so 'n buitengewoon bekoorlike meisie te trou.

Slegs veertien daë na die huwelik was hier op Bergendal ook net so 'n storm als van aand ; en in die stormagtige nag is Adolph weer spoorloos verdwyn ; en die volgende morre werd die skone Maria—sijn vrou—in haar slaap kamer op 'n groot leuning stoel, vóór die bed, dood gevonde met 'n afgesneë keel.

Die suspisie was so sterk dat 'n lastbrief tot die in hegtenis neming van Adolph, als moordenaar van sijn vrou, deur die bevoegde autoriteite uitgereik werd, maar hoe hulle ook al getrag het uit te vinde waar dat hij hom skuil gehou het, het dit tog maar alles vrugteloos geblyk.

In die begin, soos kan begryp word, werd daar veel o'er die buitengewoon vreemde voorval gesproke, dog uiteindelik is dit ook maar doodgeloop, en werd die gebeurtenis, hoe treurig ook, maar in die vergeet boek geplaa.

Kasper het toen in volle besit gebly van die plaas. En hier kort bôkant, waar die pad, wat hierna toe lei, die drif deurkom, net vlak bij die drif, het die toenmalige woonhuis gestaan ; en waar, soos julle weet, die ou murasies wat daar nog staan, voldoende bewijs voor lewer.

Kasper is later met 'n jonge dame, uit 'n eerste-klas familie, getroud. En tot op die tijd, wat ik julle nog sal meedeel, was die huwelik met drie kindertjies geseënd. Die

gehele buurt was in rep en roer o'er die buitengewoon mooie kinders. Al drietjies het net eenders gelijk : swart krul haar met git swart ogies, en bloedrooi wangetjies ; en dan was hulle nog so buitengewoon soet en vrijmoedig, dat dit werkelijk 'n aardigheid was die goetjies te sien.

Na alle waarskynlikheid het die familie—nieteënstaande die donker verlede van Adolph—in liefde gelewe ; maar met die diamant-ontdekking op Kimberley, wat ten gevolge had dat oud en jong deurdronge geraak het met die diamantkoors, had Kasper 'n buitengewone droom. En die wonderlikste daarvan was, dat hij dieselfde droom in 'n tydperk van veertien daë drie maal agter makkaar met die selfde letterlike noukeurigheid o'er gedroom het.

Hij droom toen dat hij ook naar Nuwe Rus (soos hulle die plek destijds genoem het) gaan, om naar diamante te soek ; en bij sijn aankoms aldaar ontmoet hij sijn broer Adolph, die hom naar 'n eensame plekkie neem, en hom toen 'n plek aanwys waar hij sijn kleim moes afpen ; en waar hij ook—nadat hij 'n bietjie gegrawe het—'n buitengewoon groot diamant ontdek het, en wat hij vir enige duisende ponde verkoop het.

Met die eerste keer wat Kasper die droom had was hij al so opgewonde, dat hij dadelik wou vertrek, maar sijn vrou was van oordeel dat 'n droom maar bedrog was, en dat die droom maar veroorsaak werd deur die geweldige diamantkoors, en waaraan hij ook al so deurdringend onderworpe was.

Die invloed van sijn vrou het sijn opgewondenheid 'n bietjie doen bedaar, maar teen hij nou die selfde droom, met die selfde bysonderhede, die tweede, en die derde maal weer o'er droom, toen was hij keerloos.

Kort daarna—hoe dat sijn vrou ook al teë gekap het—het hij met kar en vier perde naar die diamantvelde vertrek.

Die reis het regte voorspoedig afgeloop ; drie weke nadat hij sijn woning verlaat het, was hij ook een van die vele duisende fortuin-soekers op die diamantvelde.

Kasper het so innerlik in die droom geglô, dat hij seker was dat hij sijn vermiste broer daar sou ontmoet, en

dat hij op DIE plek, aan hom in sijn droom bekend gestel, sijn gewenste fortuin sou ontdek.

Bij sijn aankoms aldaar het hij aan niemand die oorsaak en doel van sijn koms meegedeel nie, maar het dadelik te werk gegaan, en alle kragte ingespan Adolph op te spoor.

Na 'n ernstige, dog vrugtelose ondersoek van enige daë, het hij die plan, Adolph daar te ontmoet, opgegee; maar is daarom, nie te min, juis daardeur op die plek te lande gekom, waarvan hij so 'n volledige droom-omskrijving had.

Sprakeloos en met oopgerekte oë het Kasper die plek bewonder. Haastig het hij 'n lisensie uitgeneem en die plekkie afgepen, en met behulp van enige Kaffers dadelik aan die werk gegaan ook.

Sijn droom was—wat sijn fortuin betref—werklik bewaarheid geworde, want drie daë nadat hij met die werk begonne was, het hij sijn kleim weer verkoop, en met die diamante wat hij daar uitgehaal het, en tot geld gemaak het, was Kasper 'n veertig-duisend pond sterling werd!

Net so voorspoedig als die reis naar die diamantvelde was, net so voorspoedig was dit weer terug tot omtrent 'n uur teperd duskant sijn huis.

Die lug was al vir enige daë betrokke gewees, en teën die aand van die laaste dag van sijn terugreis, breek daar 'n storm los soos hij maar min, of liewers nooit, in sijn lewe ondervonde het nie.

Kort vóór die storm in al sijn onbeteuëelde woede los gebars het, ontwaar Kasper in die pad—en in die rigting van sijn plaas—'n man.

Die arme onbekende had 'n bondeltjie agter sijn rug, skijnbaar sijn ganse aardse besitting, en was voortsukkelende op kurke!

Op sijn verouderde gelaat was die trekke van moede-loosheid prominent afgeteken, daar hij al—om die vreeslike dreïende storm te ontvlug—haas uitgeput was, en na alle waarskijnlikheid wis, dat hij nie in staat sou wees 'n herberg te bereik vóór die losbreking daarvan nie.

Kasper, om so gou moëlik thuis te wees, het die perde ook maar tamelik opgewakker, en toen hij die arme on-

gelukkige onbekende voorbij snel, het die smekend uitgeroep: 'O, man! in Gods naam, ontferm jou tog o'er mijn haglike toestand, en gee mij tog 'n plaas in jou rijuig, anders moet ik in die naderende storm, als 'n hulpelose omkom!'

Maar al antwoord wat hij gekrij het was: 'Hier is nie plek vir jou in die kar nie!' En verneem toen gelijktijdig die verdere sweep-geklap, waaruit hij met nog meerdere moedeloosheid kon affei, dat alle poginge om 'n herberg te bereik vóór die losbreking van die reeds nabij sijnde storm, totaal hopeloos sal wees.

Reeds werd die oorverdwende donders van die in alle woede losbarstende storm, temidde van die vooruit gejaagde stofwolke, vernome, gepaard met enkele groot druppels, en die meteens in neerdalende strome verander het, gepaard met sulke verblindende blits-strale, wat die reeds bijna tasbare duisternis, na so 'n ligstraal, nog stikdonkerder gemaak het.

In die onmiddellike nabijheid van die pad, waar die ongelukkige onbekende hom in bevinde het, is, soos julle weet, die breë loop met die hoë regaf walle, en wat een van die vele takke vorm van die rivier wat hier bij ons virbij stroom.

Die arme vreemdeling het hom na alle waarskijnljkheid aan die wanhoop o'ergegee, en onwetend in die stikduister hom in die rigting van die loop begewe. Net op die rand van die reeds vermelde regaf wal werd sijn ramspoedige lewe met 'n bliksemstraal geëindigd, alwaar een van sijn agtergeblewe en met koper beslaë kurke voldoende bewijs van gelewer het, daar die koper-dele daarvan geheel versmelt was!

Die deur die blits getroffe lijk het toen in die reeds stijende loop geval, en wat toen met die stroom vervoerd werd.

Kasper het, nieteënstaande die nooit te vergeete storm, maar voort gerij, en met behulp van die instinktmatige rigting-kennis van die perde in sulke donker nagte, daar bôwe verwagting goed afgekome. Maar net in die drif het die perde vir 'n vreemde voorwerp geskrik, en met die skielike omruk het hulle die disselboom afgebreek.

Kasper het haastig, so goed hij kon, die perde van die kar af los gemaak, en daarmee die rivier uit gevlug. Die kar met alles wat daarop was moes hij net so laat, daar die voorwaters alreeds met groot rumoer deur hom vernome werd.

Die verskrikkelike storm het met net so veel haas als wat dit opgedaag het weer verdwyn, en die volgende morre was die lug weer heerlik skoon.

Kasper is toen weer naar die drif gekeer om te sien wat van sijn kar, en die skatte die dit bevat het, geworde was. 'n Goeie vier-honderd tree van die drif af—in die middel van die reeds deurwaadbare en steeds snel aflopende stroom—ontwaar hij die kar, nog op die wiele, en die afgebroke disselboom in die sand vasgesteek.

Bij nader ondersoek ontwaar Kasper met skrik dat die rumoerige woelwaters die kar van alles ontdaan het, en die deur die blits getroffe lijk, skijnbaar met alle sorg, daarin neergelê het. Alles wat in die kar was, behalwe die geld, het Kasper weer gekrij, en die algemene gedagte is dat die massa goud maar nog in die bed van die rivier bedolwe lê. Kasper het toen die lijk laat uitdra, en sorgvuldig op die wal van die rivier laat neêrlê, om later, wanneer hij die vereiste order daartoe had, dit te laat begrawe.

Met die neêrlê van die lijk op die wal ontwaar hulle in die binne baatjie sak daarvan 'n rol papiere, die Kasper toen sorgvuldig in sijn besit geneem het, en later ook aan die bevoegde autoriteite o'erhandig het.

Na die gewone wets formaliteite werd die lijk van die onbekende, sonder enige ceremonies, op die wal van die rivier ter aarde bestel.

Bij nader ondersoek van die dokumente, die hulle in die sak van die verongelukte gevonde het, blijk dit toen dat hij niemand anders dan Adolph, die vermiste broer van Kasper, was!

Onder andere het die geskifte 'n testament bevat, waarin Adolph sijn geregtelike deel van die plaas Bergendal aan sijn broer Kasper vermaak het. Verder was daar nog 'n brief bij wat aan Kasper geadresseerd was, en van die volgende inhoud:

‘Waarde Kasper,

Ik weet dat jij seker tot jou grootste skrik—op die morre toen ik vermis werd—mijn vrou (?) in haar kamer met ’n afgesneë keel moes ontdek het !

Wel, om kort te wees, IK was haar moordenaar, en niemand anders nie ; en die rede waarom ik dit gedaan het was, omdat sij mijn eië suster was !

Jij sal jou seker nog goed kan herinner, hoe dat sij in die verskrikkelike storm van die nag van die 18de Mei, 1852, soek geraak het ?

So als jij weet was sij toen maar slegs ses jaar oud.

Wel, soos sij mij meegedeel het, werd sij die nag deur ’n Kaffer opgepak en met hom mee gevoer naar Kafferland, alwaar sij na enige jare in die hande van sekere meneer Putter geval het.

Op nuw moes sij weer haar eië taal aanleer, en had so ’n gebroke herinnering van haar verlede, dat Putter nie in staat was daaruit wijs te worde nie.

Putter was woonagtig in die distrik van Swellendam, alwaar ik Maria, of liewer Leonora, so als sij werkelijk geheet het, weer leer ken het, en alwaar ik dan ook met haar getroud is.

In al die tijd wat ik daar gekom het, het hulle dit sorgvuldig vermijë mij iets van die verlede van Leonora mee te deel, maar waarom, was ik nooit in staat te begriip nie.

Pas was ons na ons huwelik op Bergendal aangekom, of die omgewing het weer die verlede van jare gelede in haar brein doen herlewe.

Haarfijn kon sij met opgewondenheid alles vertel : hoe dat ons als kinders op verskillende plekke, wat sij aangetoon het, saam gespeel het.

Gelukkig was jij meeste van die tijd na ons aankoms, afwesig, en onmiddellik nadat ik die betreurenswaardige ontdekking gemaak het, dat ik met mijn eië suster getroud was, het ik haar versoek, om redes wat ik haar later sou meedeel, niks van haar verlede aan jou bekend te maak nie.

En, alhoewel sij volkomeelik aan mijn versoek gehoor geeë het, en nooit die minste suspisie had dat sij met haar

broer getroud was, was die gedagte, dat ik mijn hele lewe met mijn suster op so 'n manier moes deurbreng, vir mij te veel. En daarom het ik slegs veertien daë na die huwelik die reeds aan jou bekende misdaad van moord gepleë.

'n Paar jaar na mijn vertrek van Bergendal het ik met 'n kruidontploffing so vermink geraak, dat ik sedert die tijd mij met kurke moes bedien.

Mijn gesondheid, veroorsaak deur ellende, is nou so verwoes, dat ik mij haas op die rand van mijn graf bevinde. Ik verkeer nog altijd, sedert die moord, onder 'n vreemde naam. En op die oënblik bevinde ik mij weer wellig vir die laaste maal op weg naar Bergendal. Mag ik daar in lewe aanlande, dan sal ik jou mondelings alles meedeel. Maar mag die Hemel behaë mij vóór die tijd weg te neem, dan wil ik vertrou dat hierdie brief veilig in jou hande te reg sal kom.

Kasper! volgens newensgaande testament, so als jij sal bespeur, het ik die aan mij toekomende geregtelike deel van Bergendal aan jou vermaak, maar op voorwaarde, dat jij mij na mijn dood (als dit jou MOËLIK is mijn lijk te bekom) dan langs die graf van ons suster sal begrawe.

Verder moet jij haar graf met 'n ses voet hoog marmer steen vereer, en met die volgende opskrif: 'Ter gedagtenis van LEONORA KLOETE, gebore 14 April, 1846. Vermoord deur Adolph Kloete, 19 Augustus, 1866.'

Inmiddels blij ik,

Jou broer,

ADOLPH KLOETE.'

Die informasie aan Kasper verstrek, deur die aan hom geworde brief, het sijn hoogmoed so gekrenk, dat hij besluit het gen mens ter wereld iets daarvan te laat hoor nie.

Van die versoek van sijn broer het hij hoegenaamd gen notisie geneem nie, en die lijk net daar laat lê waar dit reeds begrawe was, nieteënstaande die gestipuleerde voorwaardes vervat in die brief.

'n Paar maande na die dood van Adolph is mevr. Kloete weer van 'n kindjie bevalle, maar die stomme dingetjie het

so gebrekkelik ter wereld gekom, dat die ouërs daarvan werkelik spijt had dat dit nie gestorwe was nie !

Op die gelaat daarvan—alhoewel misvormd—was trekke van Adolph te bespeur. Die liggaams-dele was so buitengewoon onnatuurlik, dat toen die kind ouër geworde het, toen het dit net soos 'n padda: spring-spring voort gesukkel. En dan was dit nog 'n volslaë idioot ook !

Julle herinner julle nog dat ik vertel het, dat die drie vorige kindertjies so buitengewoon mooi was ! En daar DIE enetjie nou so in 'n verminkte toestand in die wereld gekom het, kon 'n mens nie help om te denk dat dit 'n beloning was vir die jammerlike gedrag van Kasper teëno'er sijn o'erlede broer !

Slegs 'n jaar na die dood van Adolph is mevr. Kloete met haar drie eerste kindertjies aan die wit-seer-keel besweke.

Kasper is toen met die verminkte kindtjie alleen o'ergeblij om sijn onbeskryflik en smartvol verlies te betreur.

'n Engelse spreekwoord lui : “ dit reën nooit nie of dit stort,” en dit lijk als of al die rampe bijeen versamel het om telkens met vernuwde ijwer op Kasper aan te storm; want later is verteld geworde, dat buitengewone bôwenatuurlike verskijsels in die huis waargenome werd, en die later so ondraaglik was, dat Kasper beslote had die plaas te verkoop, en dan op 'n ander plek te gaan woon. Maar hierin het die ongeluk hom teë gekom, en sodoende sijn planne verijdeld.

Volgens 'n verhaal van Kasper self, het die eerste verskijsel plaas gehad onmiddellik na die dood van sijn vrou en kinders.

Dit was—so vertelde hij—weer een van die onheilspellende stormagtige nagte, waaraan Bergendal so kenmerklik onderworpe was. En terwyl die skrikwekkende en huilende storm-winde daarbuite so gewoed het, was Kasper daarbinne met innerlike vrees vervuld, dat die dak sou afruk, soos jare gelede, toen sijn suster die nag verdwijn het.

En terwyl hij uit vrees so in eensaamheid sit te bewe, ontwaar hij tot sijn grootste skrik, 'n gedaante, en waarin hij

sijn gestorwe broer Adolph herken het, op kurke die slaap vertrek waar die suster in vermoord werd binne sukkelende.

Later is dit weer uit die kamer te voorskijn gekom en met 'n sug verdwijn.

Die verskijsels was later so onuithoudelik dat Kasper, ten einde sijn brandende konsensie te stil, beslote het enige predikante te versoek soheen te kom, om so doende met die bôwe-natuurlike wese te praat, om, indien moëlik, die rusteloosheid daarvan te ontdek.

Vier predikante het aan die versoek gehoor gegee, en op 'n goeie aand in die wel-op-geligte slaap vertrek plaas geneem.

Als naar gewoonte het die gedaante weer sijn verskijsning gemaak, en op 'n vraag van een van die Leraars, met 'n onaardse geluid meegedeel, dat sodra aan sijn versoek, uitengeset in die brief aan Kasper, gehoor gegee word hij dan vir altijd sal rus!

Die belofte werd aan hom gegee. En waarop die versoek uitgevoerd werd. Nooit is weer iets van die verskijsnel daarna waargeneem nie.

'n Mens sou sê dat die rampe van Kasper hiermee haas ten einde moes geloop het, maar dit was ook mis; want slegs een maand na die laaste vermelde voorval werd Bergendal weer met so 'n storm geteister, dat ten gevolge had, dat 'n groot blougom boom, wat tot nog toe aan al die storme weerstand gebied het, nou met alle geweld uit die grond geruk werd, en met onbeskryflike mag op die woonhuis van Kasper geslingerd werd, waardeur die mure ineen gestort werd, en also Kasper en sijn verminkte kindjie onder die puin daarvan bedolwe het!"

Met gevouë hande, terwijl hij in die vuur staar, merk Johannes op: " 'n Smartelike en 'n treurige geskiedenis, voorwaar! Dit was die minste van mijn gedagte dat hier, en deur die natuur buitengewoon bevoorregte plaas, SULKE rampspoedige gebeurtenisse plaas gevinde het. En als ik mijn sin had, dan sou ik sê verkoop die plaas dadelik en vertrek naar 'n ander oord; want als die verlede van Bergen-

dal met so veel onheils bekroond werd, wat sal die toekoms dan baar?"

"Laat ons nie," laat Annie haar hoor, "als hulpelose en treurende in die verlede kijk nie, of bang wees om die skaduagtige toekoms te gemoet te gaan nie, maar laat ons van die hede gebruik maak, dit is al—en ook maar ten dele—waaro'er ons te beslis het. Ons PLIG," sê sij verder, "lê daarin, om die verborre skatte op te spoor."

"Ja, seker," volg Johannes haar op, "dit is ons plig, maar als dit nog te KRIJ is. En wat," vra hij verder aan sijn moeder, "is van die geld geworde wat so in die rivier soek geraak het?"

"Die," antwoord sijn moeder, "is nooit gevonde nie. Sommige was van oordeel, dat die geld gekiedenis maar 'n versinsel was, andere weer het met alle erns daarin geglô.

Julle o'erlede vader wou werk daarvan maak om die vermiste geld op te spoor; want julle weet dit was een van die kondisies bij verkoop van die plaas, dat die toekomstige koper die reg sal hê, bij ontdekking van die in die rivier verborre skatte, dit als sijn eiendom te beskou.

Maar julle vader het nooit sover gekom nie. Hij was bevrees vir die onkoste daaraan verbonde, en die moëlikheid dat hij die vermiste geld nie mag ontdek nie; en sodoende lê die geld maar nog in die bed van die rivier bedolwe."

Johannes het toen 'n besluit geneem, en wat hij ook aan sijn moeder en sijn vrou meegedeel het. Dat aangesien dit hulle verkiesing is, hij sijn uiterste vlijt en bes sal doen, die verlore geld, als dit nog te vinde is, op te spoor; maar dan op voorwaarde dat als hij die geld mag ontdek hulle dan Bergendal weer moes verkoop, want hij had gen sin—hoe skoon en aantrekkelijk die plaas ook was—daar langer te woon nie.

Annie en haar moeder het altwee hiermee saam gestem, en slegs 'n paar daë daarna het Johannes met behulp van 'n groot klomp Kaffers met die werksaamhede 'n aanvang gemaak.

Hij het bij die drif, deur middel van 'n sand-sak wal die water naar een kant van die rivier gekeer, en deur middel van 'n ander wal regaf in die rivier, die stroom uit die bodem van die rivier gekeer.

In die onderkant het hij net so 'n wal dwars deur die rivier gepak. Sodoende had hij 'n oppervlakte van ongeveer 'n honderd jaarts vierkant ingekamp. Die water in die groot vierkant dam werd toen deur middel van wip-pompe uit-gepomp.

'n Maand nadat hij met die werksaamhede begonne was, had hij die reusagtige dam leeg, en kon hij met sijn onder-soek ongehinderd voortgaan.

Die plan was dan om die leeg gepompte oppervlakte goed te prospekteer, en als hij dan niks daarin mag vinde nie, dan weer 'n ander stuk laër af in te kamp, en, indien nodig, nog 'n stuk, totdat hij die gehele oppervlakte, so ver-nodig, behoorlik deur gesnuffel het.

Johannes het die instruksies gegee om van die drif af te begin. Vlak bij die wal werd die eerste sloot gegrawe, en reg dëur die rivier. Die uitgegraafde grond werd buitekant die sand-sak wal gegooi, sodat die grond van 'n tweede sloot in die eerste kan geworpe worde, en so voort.

Die twintigste dag nadat hulle met die sloot-grawerij besig was, kom hulle op 'n bijna geheel verroeste blik-trommel te lande!


Johannes het sorgvuldig die drijf-sand daarom heen laat weg werk, en tot sijn innerlike blijdschap blijk dit die lank onder die drijfsand bedolwe skatte te wees!

Almal wat behulpsaam met die werksaamhede was het 'n goeie beloning gekrij. 'n Klein rukkie daarna was Bergendal weer in die mark, en die familie Winterbagh het hulle toen met ter woon in die nabijheid van Kaapstad ge-vestig, en alwaar hulle in geluk hulle lewe geslijt het.





Hoogmoed Kom tot 'n Val.



JOHANNES CASPARUS FREESLIK was 'n boer en inwoner van die distrik van Barkly West, alwaar hij die eiënaar was van net 'n oordentlike lappie grond.

Gewoonlik het hij altijd met sijn produkte naar die Kimberley mark gegaan met 'n ou stamp waëntjie met vier muile daarvoor.

Ou Johannes was 'n man van omtrent vijftig jaar. Tamelik lank en effe krom, en met sijn lank en ongekamde haar, twee diep in sijn kop blou ogies, deurmakaar baard, nat snor en pap huil hoed, het hij maar 'n tamelike toinjerige indruk op 'n vreemdeling gemaak; en nog meer, omdat hij altijd so smerig gekleed, en liederlik op sijn lijf was.

Die ou het die toepaslike bijnaam gedra van "Vuiljan," omdat hij maar min gewas het en gevolgelik baing op 'n teerputs gelijk het.

Sijn gewoonte was om 'n pak klere te dra sonder dit te was, totdat dit kapot was, en dan natuurlik gooi hij dit, omdat dit haas nie anders kan nie, weg; en koop dan 'n ander.

Sijn ou vrou, alhoewel nie van die skoonste nie, het tog daarom maar ewig deur met die ou getwis o'er sijn slordigheid, en hou dan so lank, onder groot teenstand aan, totdat ou Jan uiteindelik ingee, en dan 'n ander pak koop.

Die liederlikheid van hom kon ook nie aan armoede toegeskrywe worde nie, want hij het te veel besit, maar die eintlike oorsaak was: vrekkerigheid!

Op 'n goeie dag het ou Jan weer sijn waëntjie opgepak met allerhande produkte vir die Kimberley mark, en was nog besig met inspan toen ou Kato, sijn ou vrou, haar ver-

skijning op die stoep maak, en hom als naar gewoonte aanspreek: "Jan, maar is jy nie vir jou self skaam nie als jy daar op Kimberley so tussen die mense moet bont staan met daardie ou vuil bas van jou nie? Mijn hemel, ou mens! water is mos baing goedkoop! Was en trek jou tog skoon aan, sodat jy tog ook naar 'n witmens lijk. Het jy dan geen respek vir jouself en jou familie nie? 'n Mens moet jou waarlik die oë uit die kop skaam vir jou; want so bij-mijkool jy lijk meer naar 'n skoorsteen-veër als naar 'n mens. Daardie vatdoek wat ik daar teën die klip staan gemaak het lijk regtig nog skoner als jy. Dit lijk vir mij, jy wil wag totdat die klere van jou lijf afval! En goedkoop kom jy nog eendag kaal op die werf aan!"

Ou Jan het maar min notisie van die gesegdes van sijn ou vrou geneem, en toen die laaste string vas was, was hij op die stampwa, en hij pluk daar so 'n krom kweperstok, met 'n osriem daaraan vas, uit; en met sijn vier botterkop muile: Soldaat en Lekwijn vóór, en Soetriem en Bruilof agter, was die ou brom brom in die pad, op weg naar Kimberley.

Toen ou Jan nou die wa-brug, o'er die Vaal Rivier, bij Barkly o'er was, toen het die woorde van die ou vrou bij hom begin trek.

Hij het toen 'n besluit bij homself geneem, dat hij op Kimberley vir hom 'n eerste klas pak klere sal koop, al kos dit ook 'n os! Want hij was nou ook al moeg vir die aldaagse lawaai van sijn ou vrou, want hoe swakker dat sijn klere word, hoe meer raas sij.

Die volgende dag het ou Jan, nadat hij sijn produkte op die morre-mark verkoop het, so 'n wandeltjie geneem om te sien waar dat hij die beste koop kan maak.

Hij het egter 'n vendusie op die lijf geloop, waar hij tot sijn grootste verwondering, net 'n agtermakaar pak klere vir 'n spot prijs in die hande gekrij het. En nadat hij nog 'n hoed, 'n hemd en 'n paar skoene gekoop het, het hij die hele boeltjie in één pak gemaak, en mooi sorgvuldig op die wa weggeberre.

Ander sakies het die ou nog opgehou, en strijks van ses uur die agtermiddag was hij klaar, en gevolgelik weer op weg huis toe.

Op die terug reis het daar gedurig so 'n glimlag in die ou deur-makaar gesig gevonkel; want daar onder die ou vuil baatjie het daarom nog 'n hart geklop waar 'n bietjie eer in was!

Die geleerde mense weet ons wijs te maak, dat 'n vark ook hoogmoed besit. Nou met waffer 'n berekening hulle so 'n ding ontsijfer het, wil ons nie aanneem om hier uit te lê nie. Maar een ding is daarom seker: nieteënstaande hoe laag 'n MENS ook al gesonke mag wees, tog blij daar altijd 'n siertjie van hoogmoed in hom o'er. En dit was die greintjie hoogmoed wat nog in ou Jan se "vuil bas"—soos ou Kato dit genoem het—aan die woel was, en gevolglik die glimlag te voorskijn geroep het!

Deur agtelootheid van die eiënaar was die buste van die ou waëntjie al tamelik uitgeloop, en altoos min of veel droog ook; en natuurlik was die pas van die wa dan agter die muile so 'n "een-vir-mij-een-vir-jou" gang. Dit wil sê: dan in die hot- dan in die haarkant van die pad. En omdat die aste altoos droog was het dit altijd so 'n kriek-skree geluid veroorsaak, als of die wiele met makaar gesêls het, om die eentonigheid van die wijë vlaktes te veraangenaam.

Aan al die dingetjies was ou Jan gewoon, en het hom daar ook maar min aan gesteur. Want die hot-en-haar bewëing van die wa was vir hom nes 'n wieg, en wat hom ook baing keer in slaap gesus het.

Die slag egter het hij nie geslaap nie, want die bietjie hoogmoed het hom aangespoor om hom te verheug in die verassing wat hij van plan was aan ou Kato te besorre.

"Bij mijn thuis koms," dag hij, "sal ik die ou "lawaaier" daarom ook 'n les leer, want sij is stellig onder die indruk dat ik weer met die selfde ou vuil pak sal opdaag, maar sij is baing laat, want morre dagbreek meen ik haar soos 'n splinternuwe jonkkerel op te klop, en dan wil ik—al praat ik nie veel nie—daarom ook luister waar dat haar lawaai lê."

Die dan-hier-dan-daar loop van die wa, gepaard met die onoplettendheid van die baas, het so lanksamerhand die goetjies daarop in die donker laat agter toe skuiwe, en streep-streep laat verloor ook!

Op die wa-brug het ou Jan met alle ernst stilgehou, en toen het hij die deur ou Kato veel veroordeelde ou vuil pak vir die laaste maal uitgetrek, en met hoed en skoene, en 'n laaste seënwen, die Vaal Rivier ingesmijt.

Die luggie het maar 'n bietjie skraal getrek, en ou Jan het toen ook dadelik begin om die pakkie met die klere in die waëntjie op te spoor. Maar, O Bitterheid! wat 'n teleurstelling! Tot sijn grootste spijt ontdek hij, dat bijna al die goed—ja, op één ou verplunderde rooi kombes na, verloor het. Haastig het die ou die kombes omgehang en agteruit gehardloop, met die doel die vermiste goeters op te spoor.

Skaars was hij 'n honderd tree weg toen verneem hij tot sijn innerlike leedwese, dat die muile op eië houtjie op koers was huistoe. Nou was daar glad nie 'n ander plan nie, als ruk maar om. Want om nou in die donker soos 'n Kaffer-dokter rond te dwaal sal ook nie help nie. En versuim hij te lank, dan vang hij nog dalk goedkoop die wa ook nie weer nie.

Daar trek ou Jan die wa agterna, terwijl die kombes soos 'n gedagte agter die ou swewe. Uiteindelik en ten laaste sit die ou weer uitasem op die voorkis, terwijl Soldaat en Lekwijn net haal daarvóór om bij die huis te kom. Nou kan 'n mens begriip dat die glimlag van gister en eergister ook nie meer op die ou deur-makaar bakkies te bespeur was nie. O nee! die trekke van moedeloosheid en spijt was nou prominent daarop afgeteken. En 'n mens kan glô dat Soldaat en sijn maats maar te danig, en kort-kort ook, onder die krom kweper stok en osriem deur geloop het. Want ou Jan het so stadig agter gekom dat, als hij nou vóór sonop wil thuis wees, dit dan tijd word om maar 'n bietjie aan te ja. En die gedagte dat hij in die daglig moëlik mense kan ontmoet, en met so 'n uitheemse gewaad! het die ou maar 'n bietjie skrikkerig gemaak.

Daar is altijd 'n geluk bij 'n ongeluk. Ou Jan het gelukkig niemand op die pad ontmoet nie. Kort bij sijn plaas, egter, het hij 'n rijtuig ontdek in die selfde pad, hom in gemoet. Hij wou toen somaar deur die veld gesteeek het om die rijtuig mis te loop, maar dit was gelukkig nie nodig

nie, want die kar het met 'n ander pad uitgedraai. Net mooi sonop draf die vier botterkoppe, waternat van die sweet, met ou Jan op die voorkis die werf binne, terwyl die kombers so ewe plesierig hier agter die ou rond wapper. Ou Kato het op die stoep gestaan toen die wa daarvoor stil gehou het, en met oopgerekte oë slaat sij ewe verbaasd met haar hand op haar mond, en toen bars sij, tot groot verontwaardiging van ou Jan, in 'n skaterlag uit.

“Mij skepsels, ou Sondaar!” so begin sij, “wat het jij nou weer aangevang? Sien jij! Dis net soos ik vir jou gesê het: op die ou ent kom jij nog kaal thuis! Het die ‘piek-pokkets’ jou afgesit, of het jij jou klere vir voer vir die muile verruil?” En dan skater sij weer van die lag. “Mijn tijd!” lag sij nog, “ik moet gerus die ou wit-boesman vir 'n voëljaër verruil. Ik wil gerus wed dat als jij die ou spektakel in 'n land vasmaak, dan sal daar nooit 'n voël in die nabijheid kom nie!”

Ou Jan was maar nog besig met uitspan, en het ou Kato op niks geantwoord nie. Ondertusse begin sij al weer: “Jan maar kan jij nie praat nie? Hoe kom vertel jij nie wat jij aangevang het nie? Wie was so malkop om die ou pluinjies van jou te koop of te ruil?”

Onder die praat van ou Kato word die knor van so 'n groot rooi hond op die hoek van die huis verneem.

“Pas op, Jan!” waarsku ou Kato met alle ernst, “Rinkhals” (dit was die hond se naam) “sal jou bijt, hij is vreeslik kwaai, en ken jou nog nie, want ik het hom gister van 'n padloper geruil,” en voeg sij nog bij, “hij het seker die riem afgebijt,” terwyl sij op weg soheen was om hom te vang.

Rinkhals het hom maar bloed min aan ou Kato gesteur, en net met 'n knor haar onderstebô gespring, terwyl hij op vaart was naar die vreemde voorwerp bij die wa.

Ou Jan het egter onraad gemerk en alles gelos en toen gevlug in die rigting van die voordeur, maar eer dat hij die huis in was, vang die hond hom aan die kombers, en pluk hom toen agteroor.


Rinkhals sou ou Jan seker gebijt het, maar vóór dat hij dit kon doen was ou Kato weer bij, en pak toen die riem—

waardeur sij 'n voorwaardse beweëng van die hond belet het. Ou Jan het van die gunstige oënblik gebruik gemaak, en die huis binne gerol, en met alle geweld die deur dig geslaan, terwyl die kombers in besit van die hond gebly het.

Ou Kato het toen die hond gepaai, en hom weer vasgemaak, en, nadat sij die muile verder uitgespan het en veld toe geja het, is sij naar binne gegaan om verder deur ou Jan ingelig te worde met betrekking tot sijn vreemde handelwijse.


Haarfijn het die ou—terwyl hij besig was hom aan te kleë—aan die ou vrou sijn ervaring meegedeel, en toen hij aan verhaal was hoe dat hij agteruit geloop het om die klere te soek, toen vra ou Kato: “Maar mij hemel, Jan! hoekom het jij dan nie nog 'n bietjie verder geloop nie?” Waarop ou Jan met verontwaardiging haar laaste woorde herhaal: “Verder geloop nie! en goedkoop niks gekrij het ook nie! Dit sal mooi gewees het,” vervolg hij, “als ik nes 'n mal ding daar in die kouë met net 'n kombers bont gestaan het, terwyl die muile aan hulle self oorgelaat was, nê? Dit sal vir jou mooi gewees het nê, als ik helder twaalf uur hier aangekom het! Maar ik was 'n bietjie te ouderwets daarvoor.”

Daarop het ou Jan, so boos als 'n leeuw-mannetjie, die huis uitgestap, terwyl ou Kato so geskater het dat jij haar wie weet waar kon hoor.





David en Tiennas.



“**M**IJ skepsels, Aantjie! hoe lijk dit vir mij dis David en sijn meid wat daar bô in die pad, van die dorp se kant af, aankom? Ik het die jong al die hele dag gemis, en niemand kon mij iets van hom vertel nie.”

“Ja, Jan,” laat sijn vrou daarop volg, “ik het vergeet om jou dit te sê: David het gistraand, toen jij nog met die vee besig was, van mij verlof gevra om vandag dorp toe te gaan; daar hij en Tiennas, sijn meid, voor die Vrederegter moes verskijn, weëns ’n verskil wat tussen hulle was.”

Bôwegenoemde gesprek had plaas tussen meneer en mevr. Kuilder op die stoep van hulle woning op Jakhalsfontein, wat ongeveer nege mijle van die dorpie Sutherland, K.K., geleë was.

Dit was ’n lekker warm September namiddag, en daar die bitterlike Roggevelds kouë toen al tamelik gebroke was, en deur die vroeë reens wat daar geval het, het die vije- en skaap-bossies net al ’n mooi vertoning begin te maak; en wat ten gevolge had, dat die vir twee maande gelede uit die Karoo terug gekeerde groot- en kleinvee daar net eerste-klas uitgesien het, en sodoende die anders knorrige ou meneer Kuilder net tamelik luimig gestem het.

“Die volk,” begin hij weer, laggende, “het al ewig deur een of die ander ding, wat hulle in die moeilikheid dompel! En wat was dan eindelijk die oorsaak van die geskil, Aantjie?”

“Ik glô,” antwoord sijn, “hij het Tiennas ’n klap gegee,

maar wag, hier kom hulle aan. David sal jou self beter kan vertel."

Die tijd waarvan ons skrywe het Sutherland nog nie 'n Magistraat geken nie, en 'n konstawel was helemaal 'n onbekende iets daar.

Al die sakies van minder belang werd deur 'n Vrederegter uitgewijs. Sake weer van 'n ernstiger karakter moes op Fraserburg dien, alwaar 'n Magistraat gestasioneer was, en die 'n goeie twaalf uur teperd van Sutherland af verwijderd was.

Die bevoegde autoriteite het dit destijds goed gedag om sekere Maans IJsterhuis als Vrederegter vir die distrik Sutherland aan te stel, en hoe dat die mense daartoe gekom het om so 'n ou knol tot Vrederegter te benoem was destijds 'n raaisel, en sal so blij tot in die grijse ouderdom.

Die ou het van wet omtrent net so veel geweet als 'n aap van 'n almanak, en gevolgelik het hij die sake wat voor hom gekom het dan ook o'ereenkomstig sijn aapvernuf uitgewijs.

Mevr. Kuilder was naar binne gegaan, en ondertusse was David en Tiennas aangekom; en nadat hulle eerbiedig gegroet het, het Tiennas somaar virbij gestap naar hulle ronddawel, terwijl David, op versoek van sijn ou Baas, agter geblij het om die nodige informasie te verstrek met betrekking tot sijn afwesigheid.

David was 'n hotnot van ongeveer 40 à 50 jaar: Kort en sterk geboud, en was van nature 'n buitengewoon opgeruimde skepsel, en kon hom, wat hij ook al aangevang het, deur sijn welsprekenheid, altoos so voordra dat die deur hom verstrekte oplossing van sijn handelwijse altoos 'n bevredigende indruk gemaak het.

"Ou Baas weet," begin hij glimlaggend, nadat hij sijn jas en knapsak op die grond neergesit het, "daar was mos verlede week 'n groot bruilof op Tondeldoosfontein gewees met die huwelik van klein nonnie Oliveer met baas Willem Eksteen. Mees al die Basies en Nonnies van die dorp en die distrik was daar, en ik kan Baas vertel dat dit maar net 'n groot vrolikheid gewees het.

Soos Baas kan verstaan, was ik nie genooi nie, want die wit mense nooi mos nie volk bij so 'n geleëndheid nie, maar ik het daarom bij mijself gedenk, al was ik nou nie juis een van die genooide gaste nie, dan kon ik daarom so hier en daar 'n bietjie opskep loer, en sodoende ook profijt trek uit die vrolikheid.

Vroeg die agtermiddag," so vervolg David, "was partij van die bruilof gaste maar al tamelik warm, want die boere het glad nie gespeel met die lawaai-water nie.

Ou Baas Johannes Booster was, soos gewoonlik, ook daar, en tegelijkertijd katjie van die baan ook; hij het die mense maar so gedurig deur in 'n skaterlag gehou.

So teën skemer, toen die affère nou omtrent mooi dol genoeg was, en ou Baas Johannes ook maar tamelik "hoog in die boom," hou die kar van die predikant voor die deur stil. Hij was uit op huisbesoek, en waarmee hij toen klaar was, en weer op die terugreis huis toe.

Dit blijk toen uit 'n gesprek wat daar plaas gevinde het, dat ou Baas Johannes 'n paar daë gelede aan die Leraar plegtig belowe het, dat hij nooit weer sou drink nie, en daar hij nou so erg o'er tou was, kan 'n mens die verontwaardiging van die Leraar begriip.

'Johannes,' so begin meneer, 'weet jij dat die sondaar op glipperige plase staan?' 'Ja, meneer,' laat die ou Baas daarop volg, 'dis regtig waar, ik erken dit, maar glô mij, dis regtig meer als wat ik nou in staat is om te doen!'

'Gen wonder,' vervat die Predikant, 'maar kan jij jou nog herinner wat jij 'n paar daë gelede aan mij belowe het?'

'Wat?' vra ou Baas Johannes, terwijl hij so 'n suur plooi in sijn gesig trek.

'Dat jij,' antwoord die Leraar, 'dat jij nooit weer 'n druppel drank o'er jou lippe sou neem nie!'

'So!' sê die ou Baas ewe stadig, terwijl hij vlak voor hom kijk, en vra toen verder, nadat hij so 'n slag sijn lippe afgelek het, met die grootste twijfelagtigheid, als of hij hom van die beweringe van die Leraar niks kan herinner nie: 'Het ik so gesê?' terwijl hij met sijn vinger naar homself wijs.

‘Natuurlik, Johannes,’ sê die Predikant, ‘jij en niemand anders nie!’

Almal staat toen met gespanne aandag om te hoor wat ou baas Johannes nou te sê had, want skijnbaar was hij mos nou in die hande.

Ewe bedaar en met die grootste beslistheid laat die ou baas, terwyl hij één tree agteruit trap, hom als volg hoor: ‘Dan trek ik mijn woorde asseblief terug!’

Die o’ergroot meerderheid van die aanwesig sijnde gaste het somaar hardop uitgebars van die lag, en kort daarna was die Leraar, met ’n bedrukte gemoed, weer op weg naar Sutherland, en ons was aan onself o’ergelaat!

Na die maaltijd was die tafels en stoele uit die groot voorhuis geruim, en baas Pieter Gous was aan die konstiena. Die basies en nonnies het toen begin regstaan vir ’n wals. Daar was so ’n kort basie, ik ken hom nie, maar hij het ’n vreeslike paar newwies aan gehad! en sou met nonnie Vermeule dans, en ou Baas kan mij glô, sij was bij-mij-kool twee maal so lank soos hij! En net toen baas Pieter die konstiena so begin kielie, vlie almal, soos ’n gelijk span perde, gelijk weg; maar die kort basie was ’n bietjie te vurig, en net met die wegspring trap hij ’n kol van die opgeskilwerde mis, waarmee die vloer gedurig gesmeer was, los, met die gevolg dat hij met nonnie en al daar onder baas Pieter Gous inskuiwe, dat die konstiena so rol o’er die vloer!

Die sitplek van die basie se onderbaatjie het met die val so lelik geskeur dat hij moes padgee, en die nonnie het dit ook maar raadsaam geâg om te trap.

Na die dans was almal besig met klappers af te skiet daar buite, en dit rook net * “sinkaar” dat die rook dampe so staan!

Die o’ergroot meerderheid, ou Baas, van die basies was maar te danig aangeklam, en ik ook! Kort, kort, dan slaan een of die ander baas op mijn skouër, en vra dan ewe beleef: ‘Neef! wil jij nie nog ’n sinkaar hê nie?’ Ik het maar ontvang met die doel om bij die huis te rook.

Strijks van elf uur die aand, deur dat die drank op was, het die vrolikheid ook afgebreek, en waarop ik ook maar laat trap het huis toe.

*Sigaar

Toen ik die nag thuis kom, was Tiennas nog wakker, maar sij het daarom al gelê. Ik het toen langs haar op een kant van die katel gaan lê, en soos ou Baas weet, wat in die middel van ons ronddawel staan. Maar vóór dat ik sou slaap, wou ik nog eers graag 'n sinkaar gerook het.

Ik neem toen die brandende kêrs in mijn een hand om die sinkaar op te steek, terwijl ik o'erent sit op die katel.

'Wat wil jij nou maak, David?' vra Tiennas. Ik sê toen, dat ik net eers die sinkaar wat die basies mij gegee het wil rook. En waarop Tiennas toen sê: 'Maar David, hoe lijk dit dan vir mij? Daardie ding is gen sinkaar nie, want daar is glad te baing papiere om gedraai!'

Waarop ik haar toen antwoord: 'Stil! Wat weet jij van 'n sinkaar af? Jij en jou geslag ken mos nie sulke goed nie! Julle weet mos maar net van grond-pijpe en dagga,' en daarop steek ik die sinkaar op!

Nou, ou Baas, ik was maar nog sterk getee gewees, en die ding het ook maar te danig vas getrek. En net met die tweede skuif, terwijl Tiennas nog so sit te kijk, slaat die klapper los (want dit was gen sinkaar nie), en met die gevolg dat Tiennas een kant—en ik die ander kant—van die katel afgetuimel het.

'Sien jij nou, jou esel!' sê Tiennas, 'ik het mos vir jou gesê dat dit nie 'n sinkaar gewees het nie, maar ewig deur wil jij mos vir jou slimmer hou als ander mense, en bijna het jij mij nog verongeluk ook, jou dronk ou bees!'

Ou Baas, ik wou nie eers twis nie, maar Tiennas het so lank aangehou lol, dat ik naderhand verplig was haar 'n klap te gee; en waarop sij mij bij ou baas Maans verklaë het, en die ons weer opgeroep het om vandaag op die dorp te verskijn."

"En hoe, David," vra sijn ou Baas, "het die saak afgeloop?"

"Ou Baas," so vervat David, "dis maar 'n ou klein vertrekkie wat baas Maans daar op die dorp vir die doel aanhou, en al die huisraad, wat in die vertrek is, is net één stoel en 'n tafel, en wat bij so 'n hofsitting alleen deur ou baas Maans in beslag geneem word."

‘David,’ so begin ou baas Maans, ‘jij staat beskuldig met die misdaad van aanranding. Dat jij Tiennas, jou vrou, op ’n boosaardige en onkristelike wijze ’n klap gegee het. Wat pleit jij—skuldig of onskuldig?’

‘Ja, ou baas,’ begin ik toen, ‘dit is waar, en ik sal ook nie strij nie. Ik het Tiennas ’n klap gegee; maar ou baas moet in aanmerking neem, dat ik al rustig geslaap het toen Tiennas van ’n danspartij terug gekeer het. En sonder om mij te waarsku, steek sij ’n brandende klapper van ongeveer drie duim lank bij mij onder die kombers, en toen die ding losslaan val ik mij bijna morsdood van die katel af, op die vloer! en daarop het ik haar ’n sagte vermaning met mijn plathand gegee!’

Verontwaardig kijk ou baas Maans naar Tiennas, en sê toen ewe driftig: ‘Nou, Tiennas, dan het jij mij ’n hele boel leuns vertel, en daarom sal die uitspraak van die hof wees: Onmiddellik betaal jij aan David één pond sterling!’

‘Ou baas,’ laat Tiennas haar, so boos als ’n tier-wijfie, hoor, ‘ik sal dit in der ewigheid nie doen nie, want David het ou baas die nek vol gelieg! Dis HJ wat op die bruilof gewees het! Dis hij wat die klapper vir ’n sinkaar wou gerook het, en waardeur ons altwee bijna die moord gesteeke het. Vra hom, ou baas, daar staan hij. Hij kan en mag nie strij nie!’

Ewe ernstig laat ou baas Maans hom toen weer in ’n ander trant hoor, terwyl hij mij bô o’er sijn bril noukeurig beskou: ‘David, die saak is nou duidelik, en ons het nou nie verder getuiënis van node nie, en die vonnis is: dat jij, David, binne vierentwintig uur aan jou vrou, Tiennas, die som van een pond sterling sal o’erhandig!’

Soos ou Baas kan begriip,” vervolg David, “was ik ontevrede met die uitspraak, en ik het mij toen ook so uitgedruk: ‘Baas Maans, één pond is glad te veel! Waar het ou Baas gehoor dat ’n mens vir één klap ’n pond moet betaal? Als die Magistraat op Fraserburg so iets verneem, dan sit hij ou Baas seker af!’

‘David,’ las ou baas Maans in, ‘dan maak ons dit vijftien shillings, en daarmee kan jij en Tiennas altwee tevrede wees.’

‘Nee, ou Baas,’ laat ik mij weer hoor, ‘die vonnis is nog glad te hoog. Ou Baas kan gerus eers weer die wet-boek naslaan.’

‘Kijk hier, David,’ val die ou Baas weer in, ‘om nou ’n lank storie kort te maak, betaal aan Tiennas tien shillings, en daarmee is dit uit en gedaan!’

Ou baas Maans wou toen opstaan om te loop, maar met alle respek het ik dit verhinder, en toen die volgende voorstel gemaak: ‘Kijk hier, ou baas, ik sal dit bij-mij-kool nie doen nie! Beskou Tiennas nou self, en vertel mij dan eerlik of die ou meid tien shillings werd is? Ik sal ou baas nou mooi sê: laat ons dit nou vijf shillings maak, dan kan Tiennas tevrede wees, en ou Baas is uit ’n groot moeilikheid gered.’

Die voorstel was algemeen aangeneem.

‘Nou ja, Tiennas,’ vervat ou baas Maans, ‘dan maak ons dit so: David moet aan jou, vir sijn wrede behandeling, vijf shillings betaal. Is jij nou daarmee tevrede?’

‘Ja, ou baas,’ sug Tiennas.’

“En het jij toen aan Tiennas die vijf shillings betaal?” vra meneer Kuilder.

“Nee, seker nie,” antwoord David. “Virwat? Ik het haar net dit gesê, dat als sijn in die vervolg nie beter in haar spoor trap nie dan loop ik haar weer deur.” En daarop het David sijn jas en knap-sak weer o’er skouër geslaan, en ook getrap naar sijn ronddawel.





Munt Slaan uit 'n Misverstand.



GU meneer Gert Maritz van Mooimeisiesfontein, Dist. H., Kaap Kolonie, was 'n wewenaar, en had 'n enigste kind—'n dogter—met name Anna.

Ou meneer Maritz was 'n welgestelde en oppassende boer, en soos die mense daar in sijn omgewing die gewoonte had dit uit te druk: "Geld soos bossies!"

Daarbij had hij nog die voorreg één van die mooiste plase in daardie buurt te besit, en alwaar hij ook in die tijd, waarvan ons skrywe, gewoon het.

Die naam van die plaas, "Mooimeisiesfontein," was bij uitstek 'n gepaste; want die plaas self—bekroond met die skoonhede van die natuur, soos bosse, bome, berge, blomme en strome—het jou, wanneer jij die bergpas wat daar natoe gelei het o'ergaan, en 'n gesig op die plaas krij, percies soos 'n vrolike, glimlaggende jong meisie voorgekom! Maar dit was nog nie al nie, want Anna Maritz het self daar gewoon!

Anna was in die tijd, waarvan ons skrywe, pas twintig jaar oud, en iemand bij voorkeur deur die natuur—wat skoonheid en opgeruimdheid betref—begunstig: Pikswart krul-haar, hoë voorhoof waaronder, onder sterk getekende wenkbroue, twee ronde en lewendige swart oë vol liefde uitgesien het. Voeg daar dan nog bij 'n wel gevormde neus, gepaard met 'n mooi gesneë mond; en waarop die trekke van beslistheid kenmerklik sigbaar was; en die gehele gelaat versierd met die lewensblos van gesondheid, en wat alles tesame 'n vrolike en vriendelike voorkoms had; dan sou dit bepaald nie verkeerd gewees het Anna Maritz 'n mooi meisie te noem nie.

So als kan verwag word, het die jongkêrels maar te danig vlerk gesleep op Mooimeisiesfontein; want Anna en die plaas, waarvan sij die enigste erfgenaam was, was nie bij uitstek alleen aantreklik nie; maar Anna was nog skatrijk op die koop toe!

Met almal—tot nog toe—wat daar gekom het om die hand van Anna te seek, was haar vader, en self sij ook, nie erg mee ingenome nie.

Haar vader het die hoop gekoester dat sij met 'n rijk man moes trou. Op grond, was sijn bewering, dat 'n arm man, omdat hij nie aan rijkdom gewoon is nie, sodra hij die kans daartoe het, alles sal deur bring, en op slot van rekening moes Anna dalk nog honger lij.

Sij daarenteen het glad 'n ander sienswijse gehad. Sij was van oordeel dat 'n mens vir liefde, en ALLEEN vir liefde moes trou. Dit was in ieder geval nie kwaad, als een van die kontrakterende partijë 'n bietjie geld had nie, maar dan moet die geld bij- en nie hoofsaak wees nie.

In haar geval sou sij, als sij hom lief het, met 'n arm man kon trou, want sij had geld genoeg. En 'n huwelik met geld en sonder liefde word 'n hel op aarde. 'n Huwelik weer met liefde, en sonder geld—alhoewel in baing gevalle ongerieflik—bring tog geluk, want waar liefde woon gebied die Heer sijn seën.

Op 'n goeie dag het Jannie Smit, van “Die Kaaiëns,” sijn verskijning op Mooimeisiesfontein gemaak, met die uitsluitelike doel, als daar 'n kans was, naar Anna te vrij. Jannie was 'n kêreltjie van 'n vijf-en-twintig jaar. Met sijn ligte haar en bloue oë had hij 'n buitengewoon innemende en vriendelike voorkoms. Hij was een van die soort mense wat hom deur sijn vrolike gemoedstemming bijna bij elk mens kon beminlik maak. Maar ongelukkig—hij was arm.

Ou meneer Maritz het gou-gou uitgevinde dat Smit nie veel besit het nie, en ook nie geskroom sijn ontevredenheid daaromtrent aan die dag te lê nie.

Jannie, so als kan verwag word, het, so veel die omstandigheid dit toegelaat het, dáár gekom, en natuurlik die ooglopende ontevredenheid van ou meneer Maritz opgemerk ook.

Anna, alhoewel sij dit nog nie aan Smit geopenbaar het nie, was van gevoel dat op die aarde maar net één man was met wie sij kans gesien het te trou—en dit was Jannie Smit.

Op 'n goeie dag werd Anna deur haar vader in die voor-kamer geroep, en alwaar die volgende gesprek plaas gevinde het :

“Anna,” so begin haar vader, “jij weet Dawie Fourie, van Donkerhoek, was van morre hier, terwijl jij in die tuin was. Hij het bepaaldelik met die doel hierheen gekom—so het hij mij vertel—om mijn toestemming te vra om met jou o'er seker aangeleëndhede te praat.

Soos jij weet, ons ken Fourie al lank. Hij is 'n fatsoenlike jongman, aansienlik nog daarbij; en die mooiste van alles is: hij kan homself help!

Daardie Jan Smit, wat so regte dikwils hier kom—en met wie jij nog al erg ingenome is—is soos mis-rook in mijn oë; hij is net 'n grap-maker en verder beteken hij niks, en kom mij voor als of hij meer flooie als dukate besit.”

“Pa,” laat Anna haar hoor, “ik het hoegenaamd niks teën Fourie nie. Hij was al verskeië male hier, maar ik moet Pa in alle beslistheid sê, dat ik in die minste nie kans daartoe sien om met hom te trou nie.”

“Hoekom nie?”

“Pa! enkel eenvoudig omdat ik hom nie lief het nie!”

“Maar, kind, die liefde sal wel kom; want Fourie weet om hom beminlik te maak bij **▼REEMDE**, hoe veel te meer dan nie bij sijn vrou?”

“In alles wil ik Pa gerhoorsaam. In die geval is dit vir mij helemaal onmoëlik, want ik het—alhoewel hij dit nie weet nie—mijn hart reeds aan Jannie Smit gegee.”

“Pure bog, Anna. O'erweeg in alle erns wat ik van jou begeer!” En daarop stap haar vader met 'n dreiënde houding die kamer uit, terwijl Anna haar betraande gelaat in haar hande verberre.

Die daarop volgende dag is Jannie Smit tot innerlike vreugde van Anna opgedaag, en toen haar in alle erns die doel van sijn gedurige koms soheen meegedeel, en gelijktijdig sijn beswaar ook ingebrengh dat hij maar arm was, en